REISIGER NA KIMBERLEY

- 'N RADIODRAMA -

Uitgesaai deur RSG Radioteater op 6 Oktober 2016

deur

Dolf van Niekerk

Toestemming vir opvoerregte/kopiereg berus by:

stephanie.wordcraft@gmail.com)

REISIGER NA KIMBERLEY

deur

Dolf van Niekerk

Uitsaaidatum:

Regie:

Rolverdeling:

1. KAREN (40)
2. JOHAN (45)
3. ANNELIE (14)
4. STEFAN (40)
5. GYS (65)
6. BETTIE (35)
7. ANS (35)
8. KONDUKTEUR (30)

BYK: **PIAF SING *NON JE NE REGRETTE RIEN*. MUSIEK WORD KORTAF GESTAAK:**

1. KAREN: O… Dis jy…

2. JOHAN: Ja, dis ek… Ek wil nie jou gedagtes en die musiek onderbreek nie.

3. KAREN: Ek weet jy het my nie verwag nie, maar hier is ek nou. Dis reg – jy kom nooit so vroeg huis toe nie… Nogal ‘n verrassing… Waaraan is dit te danke?

4. JOHAN: Ek weet nog nie… Ek sukkel miskien ‘n bietjie om met die feite van die oomblik te werk.

5. KAREN: Ja, die feite-man… Jy praat maar klink tog afwesig… Ja, Johan… ek vertrek vanaand.

6. JOHAN: Dan gaan jy met die trein… Waarom weet ek nie. Ek sal jou stasie toe neem.

7. KAREN: Dis nie nodig nie, ek het ‘n taxi bestel.

8. JOHAN: Jy kon met jou motor Kimberley toe gery het… Of waarheen ook al…

9. KAREN: Ek verkies die trein.

10. JOHAN: Dis tog besonders as iemand jou op ‘n stasie inwag. Soos wanneer die boot vasgemeer het en iemand wag op die kaai.

11. KAREN: Wat wil jy sê – om dít nou op te haal…

12. JOHAN: Net ‘n brokkie uit die verlede.

13. KAREN: Los maar die verlede, Johan. Vandag is vandag. Dit voel vir my of jy op ‘n ander planeet is en van ver af praat… Wat het geword van die man wat ek ontmoet het?

1. JOHAN: Dis nog dieselfde man – ek is nog hy…

2. KAREN: Iewers langs die pad het iets skeef geloop… Ek probeer dink hoekom jy afwesig geraak het.

3. JOHAN: En nou gaan jy weg… Van Kimberley af is dit nogal ver na Stefan se plaas toe…

4. KAREN: Het jy geëet?

5. JOHAN: Ek het by die instituut geëet.

6. KAREN: Goed so… Hier is niks wat gereed is nie.

7. JOHAN: En Annelie? Ek hoor die klavier in die oefenkamer… Sy sal tog uiteindelik moet hoor.

8. KAREN: Ek sal haar sê…

9. JOHAN: Daar is nie ‘n uitweg nie. Dis beter as jy haar self sê jy het iemand anders lief en wat sy kan verwag…

10. KAREN: Hoe weet ek? Al wat ek weet is dat my keel toegedruk voel… Ek dink ek en jy verstik saam in hierdie huwelik. Jy wil dit net nie erken nie.

11. JOHAN: Vertel haar die waarheid, Karen. Sy het die reg om te weet. Partykeer is die waarheid ‘n koue werklikheid.

12. KAREN: Is alles nie maar koud vir jou nie? – ‘n objektiewe, wetenskaplike siening soos jy met die insekte in die laboratorium doen… As ek maar ‘n insek was het ek dalk aandag gekry…

13. JOHAN: Is dit werklik die rede waarom jy weggaan? Kom nou, Karen… Jy vergeet wat jy vir vir my gesê het. Of was dit woorde in ‘n oomblik van woede?

1. KAREN: Dis nie so eenvoudig nie – ek het nie geweet hoe om jou te vertel nie… Jy sê jy werk met feite… Ek ook… En ‘n dooie huwelik is ‘n feit.

2. JOHAN: Nie dood vir my nie – nooit… Dis dan net vir jóú dood.

3. KAREN: Hoe onbewus is jy nog steeds… Dis omdat jy nie kan voel nie.

4. JOHAN: Lank nog nie so onbewus soos wat jy dink nie… Ek onthou al te goed… Hy was van die begin af altyd in jou geheue en in jou gemoed. Hy was maar altyd saam met jou. Goed dan… Ek aanvaar dit so…

5. KAREN: En jy het stilgebly…

6. JOHAN: Daar is al so baie gesê… Ons eien ons so maklik die reg toe om te praat.

7. KAREN: Ja… Jy is ‘n meester van die stilswye.

8. JOHAN: Jy moet gereed maak… Moenie vergeet van Annelie nie. Jy kan raai watter uitwerking dit op haar sal hê as sy moet hoor as jy reeds weg is.

9. KAREN: Ek sal dit op my manier doen.

10. JOHAN: Gaaf… Dan groet ek maar – ek moet terug laboratorium toe…

11. KAREN: Miskien onthou jy eendag almal is nie aalwurms, koringluise of ruspers nie.

12. JOHAN: Ek loop met die wete dat jy vertrek, hy wag met die wete dat jy op pad is. Jou keuse is jou keuse…

13. KAREN: Jou ordenlikheid… Is dit omdat jy niks voel nie; dat die lewe vir jou ‘n koue wetenskaplikheid is?

1. JOHAN: Jy het gaandeweg ‘n beeld van my vir jouself gevorm – om watter rede ook al. Maar ek dink nie jy sal ooit agterkom wat agter die beeld lewe nie. Miskien het jy dieselfde met Annelie gedoen… Ek en sy is nie werklik vir jou nie, net twee poppe in die teater.

2. KAREN: Jy het nog nooit so ’n lang toespraak gehou nie.

3. JOHAN: Tot siens, Karen.

BYK: GETOKKEL OP DIE KLAVIER. BLY IN DIE AGTERGROND:

4. KAREN: Annelie…

5. ANNELIE: Ek het gehoor. Ek het alles gehoor.

BYK GETOKKEL DUUR NOG ‘N RUKKIE EN KRUISDOOF NA LOKOMOTIEF WAT VERTREK. TREINGELUID IN AGTERGROND:

6. STEFAN: Hoekom is jy vanaand so stil?

7. KAREN: Sommer maar…

8. STEFAN: Ek raak aan jou, ek soen… maar dis of jy nie by my is nie…

9. KAREN: Ek is in die moeilikheid, Stefan.

10. STEFAN: Hoe bedoel jy?

11. KAREN: Ek weet nie… Onthou, ek is verloof…

12. STEFAN: Natuurlik onthou ek, my lief… Maar dit het ons nog nooit gepla nie… Ons nagte onder die sterre… En die fontein se water in die vore langs die lusernland. Dit was ons nagte, Karen en niemand kan dit wegneem nie…

1. KAREN: Ek weet nie wat om te doen nie. Partykeer is ek bly, maar ander kere raak ek benoud…

2. STEFAN: Nou het jy my deurmekaar, my meisie… Sê tog…

3. KAREN: Ek dink ek is swanger.

4. STEFAN: O, hel…

5. KAREN: Ek is nog nie heeltemal seker nie… Maar iets het gebeur… Dis die eerste keer…

6. STEFAN: Dan trou ons. Vergeet van die verlowing… Ons het mekaar lief, uit en gedaan… Maar is jy seker?

7. KAREN: Dit moes nie gebeur het nie, Stefan… Ek moet nog werk, dis waarvoor ek gaan leer het…

8. STEFAN: En jy vrees wat Johan sal dink – jou verloofde wat so per ongeluk in jou lewe gekom het. Maak dit saak wat hy dink? Wat nou gebeur het, skakel hom uit… Dis nou ek en jy. Jy was nog altyd my enigste liefde en so sal dit bly. Julle moes nooit verloof geraak het nie, Karen… Julle pas nie… Ek en jy is soos een mens.

9. KAREN: Ek weet nie watter kant toe nie.

10. STEFAN: Ek weet… Ons trou… Dadelik.

11. KAREN: Dis nie so eenvoudig nie…

12. STEFAN: Jy kan nie stry nie, Karen – ek is die man wat jy liefhet. Hoe anders het ons tot hier toe gekom?

13. KAREN: Ek weet nie. Ek moet dink. Ons sal iets moet doen.

14. STEFAN: Hoe bedoel jy?

15. KAREN: Ek kan nie, Stefan…

1. STEFAN: Kan nie wat nie, Karen…?

2. KAREN: Ons kan nie trou nie… En ek kan ook nie… Ek bedoel…

3. STEFAN: Wat het nou gebeur? Jy is skielik op ‘n afstand… Wat kan jy nie doen nie?

4. KAREN: Ek sal ‘n plan maak.

5. STEFAN: Wat se plan? Gaan jy doen wat ek dink? Here, Karen…

6. KAREN: Ek weet nie…Wat anders?

7. STEFAN: Ek is ‘n boer, ek laat dinge gebore word… En elke geboorte is ‘n wonderwerk en word deel van my… Hoor jy wat ek sê?

8. KAREN: Ek is ‘n mens, Stefan.

9. STEFAN: Ons is Karoomense. Hierdie is jou wêreld, jy hoort hier.

10. KAREN: Ek het jou al gesê; my wêreld is nie meer dieselfde nie. Ek kan nie na alles wat ek gaan doen het… Dit voel skielik of ‘n stuk van my lewe afgesny word.

11. STEFAN: Dis dinge wat verbygaan… Ek en jy…

12. KAREN: Dis nie net ek en jy nie. Ek het geskrik – dit was of ek verstrengel geraak het.

13. STEFAN: Ek probeer verstaan. Ek wag al jare vir jou, maar as jy nie wil nie… Solank daar nie verwyte tussen ons is nie.

14. KAREN: Daar sal ook nie wees nie. Dis net… Ek moet gaan dink, Stefan.

15. STEFAN: Ons moet saam dink, Karen. ‘n Hele lewe praat met ons.

16. KAREN: Te veel dinge is nou in mekaar vervleg – ek moet dit op ‘n manier uitsorteer…

17. STEFAN: Dan wil jy gouer terug gaan Kaap toe?

1. KAREN: Ja – ek moet alleen wees.

BYK: GELUID VAN KRIEKE KRUISDOOF NA TIK-TAK VAN TREINWIELE EN HOU IN DIE AGTERGROND:

2. KONDUKTEUR: Kaartjies, asseblief… Ek hoop julle geniet die reis… Onthou, die eetsalon het lekker kos…

3. BETTIE: Nie so lekker soos ons kos nie…

4. KAREN: Verskoon my, meneer. Kan ek asseblief eenkant met u praat?

5. KONDUKTEUR: Waarmee kan ek help, mevrou?

6. KAREN: Daar is nie dalk ‘n koepee vir my beskikbaar nie?

7. KONDUKTEUR: Laat ek sien… **(BLAAI)** Hmm…Nee, mevrou – die trein is so vol, daar is omtrent nie plek vir ‘n muis nie.

8. KAREN: Probeer tog u bes, meneer… Dis werklik belangrik.

9. KONDUKTEUR: Ek sal, maar ek kan niks belowe nie.

BYK: GELAG VAN DIE TWEE VROUE IN DIE KOMPARTEMENT:

10. BETTIE: Kan jy dít nou oorvertel…

11. ANS: Dis waar. Stories loop maar… Uiteindelik kom alles uit…

12. BETTIE: Kan nie glo dat hy so’n ding sou doen…

13. ANS: Hy moes sy vrou nie so gou terug verwag het nie… En wie sou kon dink – met haar beste vriendin.

14. BETTIE: Jong, mans… Maak nie saak hoe hoog hulle op is nie – ‘n man bly ‘n man…

15. ANS: Ewentwil, sy trek toe uit die huis…

16. BETTIE: Sê jy nou… Dis verskriklik…

1. ANS: En die ergste… Sy was skaars weg toe trek haar vriendin in…

2. BETTIE: Kan jy dít nou oorvertel…

3. ANS: (LAGGEND) Jong, hulle sê hoogmoed kom voor die val… Ja...

4. BETTIE: Maar sy was nooit aanstellerig nie…

5. ANS: So dink jy – hulle het hoog gelewe… Dan was sy glo nog geleerd ook…

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE NA VORE VIR ENKELE SEKONDES:

6. KAREN: (MONOLOOG) Hierdie mense… Hulle praat en eet en eet en praat aanhoudend… En hier sit ek, hulle woorde is om my. Wat soek ek hier? Hulle laat my byna vergeet waarheen ek op pad is. Wat sal hulle sê as hulle weet? Dat liefde alles verskoon? En dis goed dat ek op pad is na liefde? Wat weet Johan en Annelie van hierdie liefde? Hulle sal nooit verstaan nie.

BYK: TIK-TAK KRUISDOOF NA GETOKKEL OP KLAVIER SOOS VOORHEEN:

7. KAREN: Annelie….

8. ANNELIE: Ja, Ma?

BYK: KLAVIER STIL:

9. KAREN: Jy sê jy het alles gehoor.

10. ANNELIE: Ek het seker nie alles gehoor nie.

11. KAREN: Wat het jy dan gehoor?

12. ANNELIE: Dat Ma weggaan…

1. KAREN: Jy is te jonk om te verstaan, maar eendag sal jy.

2. ANNELIE: Wat moet ek verstaan?

3. KAREN: Jy sal verstaan wanneer jy self iemand liefhet…

4. ANNELIE: Ma praat nie nou van Pa nie. Ek het gehoor wat hy sê… Van ‘n ander man… Is dit die man wat by Oupa was toe ek klein was?

5. KAREN: Dis wat ek vir jou wou sê: as jy waarlik liefhet moet jy dit vashou… Later kry jy spyt as jy dit nie doen nie…

6. ANNELIE: Dan is Ma spyt… Wat van my pa? Het Ma hom dan nie liefgehad nie? Het Ma vir hom gejok dat Ma hom liefhet?

7. KAREN: Nee. Ek was lief vir hom, net op ‘n ander manier.

8. ANNELIE: Is daar baie maniere van liefhê?

9. KAREN: Ek dink so… Ek was velief op jou pa se verstand. En hy was so ’n gentleman.

10. ANNELIE: Toe trou Ma met sy verstand. En hy was lief vir jou… Ek weet hy is lief vir jou.

11. KAREN: Ek dink hy is liewer vir sy werk. Mense soos jou pa raak verstrengel in die navorsing wat hulle doen. Ander lande het hom genooi om lesings te lewer – in Amerika het hy by verskeie universteite klas gegee… Jou pa leef in ‘n ander wêreld. Ek neem hom nie kwalik nie.

12. ANNELIE: Is dit dan verkeerd?

13. KAREN: Natuurlik nie… Dis net – hy het al dieper in sy werk opgegaan… Hy het nie tyd vir ander dinge nie.

14. ANNELIE: Ook nie vir Ma nie?

15. KAREN: Ook nie vir my nie. Dis hoe mense uitmekaar dryf.

1. ANNELIE: En ek? Hy het nog altyd tyd vir my gehad.

2. KAREN: Hy is baie lief vir jou.

3. ANNELIE: En jy?

4. KAREN: Jy weet ek is lief vir jou. Ek gaan weg maar ek verlaat jou nie… Ek het tyd nodig – jy sal later verstaan.

5. ANNELIE: Wanneer is later? Pa sê ‘n mens moet in die oomblik leef – nie later nie…

6. KAREN: Daar is ‘n later, jy sal sien…

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE GELEIDELIK ONDER SPRAAK

EN NA AGTERGROND SOOS VOORHEEN:

7. BETTIE: Mevroutjie, jy is glad te maer. Wil jy nie ‘n frikkadel eet nie?

8. KAREN: Nee, dankie.

9. BETTIE: Ons het ook koue hoender en gekookte eiers.

10. KAREN: Nee, dankie.

11. ANS: Die eetsalon is nog nie oop nie…

12. KAREN: Dit maak nie saak nie… Buitendien, ek is nie honger nie.

13. BETTIE: Jy sal vergaan.

14. ANS: Het julle die hopies grond langs die spoorlyn gesien? Dit lyk soos kindergraffies…

15. BETTIE: Weet jy nie?

16. ANS: Weet jy miskien wat dit is?

17. BETTIE: Dis mynhope.

1. ANS: Mynhope?

2. BETTIE: Dis waar hulle diamante gegrawe het… My oupa was daar. Almal het soontoe gestorm, gedink hulle sal ryk word. My oupa het baie stories daaroor vertel.

3. ANS: Soos wat?

4. BETTIE: Hy het die man geken. ‘n Boer wat bankrot gegaan het. Toe verkoop hy al’s… en hy en sy veewagter sit af diggings toe. Hulle het hulle dood gegrawe maar nooit iets gekry nie. Die ou moes later sy beeste verkoop om te kan leef en te myn. Uiteindelik het hy sy wa verkoop. Toe het hy net die kruiwa, die grawe en die siwwe. My oupa sê die ou gaan toe ‘n akkoord met die duiwel aan. Ja… ’n akkoord. As hy ‘n groot diamant strike gee hy die helfte van die geld vir die duiwel se dinge wat maar goed aan die gang was op die diggings. So wraggies, hy strike toe ‘n grote. Hy loop na die diamantkoper toe. My oupa sê toe die ou uit die sinkkantoortjie kom, sê hy vir die duiwel: “Daar kom in elke mens se lewe ‘n dag dat hy ‘n bloutjie loop. Satan, vandag is dit jou beurt.”

5. ANS: Kan jy dít nou oorvertel…

6. BETTIE: Dis ‘n ware storie – my oupa lieg nie.

7. ANS: En ek dag dis kindergrafte…

8. KONDUKTEUR: Dames, ek hoop julle geniet nog die reis. Ons sal effens laat in Kimberley aankom… Maar die masjinis sê hy sal aanstoot so goed hy kan…

9. KAREN: Meneer…

10. KONDUKTEUR: Ongelukkig nog niks, mevrou. Ek het ná elke stasie gekyk of iemand afgeklim het.

1. KAREN: Dankie vir die moeite.

2. KONDUKTEUR: Ons probeer, mevrou.

BYK: TIK-TAK-TAK VAN TREINWIELE 'N RUKKIE ALLEEN

HOORBAAR; DAN NA AGTERGROND:

3. BETTIE: Mevroutjie, gaan jy ook Kimberley toe?

4. KAREN: Ja.

5. BETTIE: Ek en Ans ook… My suster was met haar broer getroud. Kan jy glo, hy het met die vliegtuig verongeluk – hy was een van die bestes. Ons gaan hom môre begrawe.

6. ANS: Hy't geleef vir die vliegtuig en die bespuiting van boere se landerye wat deur die een of ander gogga besmet was.

7. BETTIE: Hulle sê dis 'n vreemde insek of iets wat die koring aangeval het, een of ander luis…

8. ANS: Die navosers werk glo dag en nag om uit te vind wat die insek kan doodmaak. Dink net aan die skade – en die boere kry klaar swaar.

9. BETTIE: En wat van die rooibekvinke? Hulle vreet al die sorghum op. As hulle oor 'n land getrek het, bly daar omtrent niks oor nie. Maar die navorsers het glo 'n gif uitgevind, glo 'n vreeslike gif wat die voëls doodmaak…

10. ANS: Ek wil nie daaraan dink nie.

11. BETTIE: Weet jy ooit van hierdie dinge, mevroutjie? Ek dink nie so nie.

12. KAREN: Nee… Ek weet net van Karooruspers wat die Karooplante kaal vreet…

13. BETTIE: Sien jy nou – daar is oral plae en goed…

1. ANS: Hy was so presies met die vliegtuig… Het net geweet hoe om die gif oor die lande te spuit…

2. BETTIE: Toe gaan iets met die vliegtuig se enjin verkeerd… Ans se suster sê hy het ‘n noodlanding probeer, maar die vliegtuig het reg in die grond geduik…

3. ANS: Daar’s darem die versekering… Sy sal daarvan kan leef…

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE IN DIE AGTERGROND:

4. KAREN: (MONOLOOG) Het jy gehoor, Johan? Weet jy in jou laboratorium wat op die grond gebeur? Weet jy van die boere se vrees as die oes misluk as gevolg van die insekte waarmee jy speel? Jy sê altyd ons moet dinge eenvoudig hou. Wat is eenvoudig aan dié eenvoudige mense se storie? Maar hulle lag en eet en vertel grappe. Wat steek hulle weg? Wat het ek en jy weggesteek? Jy weet wat ek jare lank weggesteek het en waarom ek moes weg… Maar wat van jou? Wat het jy tot nou toe weggesteek?

BYK: TREINWIELE KRUISDOOF NA ‘N PASSASIERSBOOT SE FLUIT IN DIE HAWE:

5. KAREN: Egte Kaapse eendeweer toe die boot in die hawe vasmeer. Voor ek nog met die trappe afklim, sien ek hom op die kaai staan. Reënjas, breërandhoed en sambreel. Was ek opgewonde? Ek kan nie onthou nie. ‘n Vreemde man, al ken ek hom. By die Royal College gebeur dinge met ‘n mens. Dis teater en net teater van vroeg tot laat en dag na dag. Ek wou huil toe ek my voete op my land se grond sit. Maar die gevoel van vervreemding verlaat my nie. En hierdie man wat daar staan en wag, ‘n mens uit ‘n ander wêreld – ‘n bioloog of iets.

BYK: GEROESEMOES VAN STEMME IN DIE AGTERGROND:

1. JOHAN: Ek het die weer bestel sodat ek jou naby my kan hou. Genade, ek het nie geweet ‘n mens kan so verlang nie. En jy lyk pragtig…

2. KAREN: Ek is bly ek is terug. En jy lyk soos jy altyd lyk…

3. JOHAN: Kan ons vanaand jou terugkeer vier? Ek wil hoor wat jy daar oorkant beleef het.

4. KAREN: Ek is’n bietjie moeg, maar ons kan as jy wil.

5. JOHAN: Ons maak nie ‘n laat aand daarvan nie – ek verstaan…

6. KAREN: En jy? Hoe gaan dit met jou?

7. JOHAN: Allerhande verwikkelinge waarvan ek jou later sal vertel.

8. KAREN: Nou is ek nuuskierig.

9. JOHAN: Sommer in verband met die werk. Kom ons gaan huis toe. Na my toe…

10. KAREN: Ek is te moeg om teen te stribbel… Ons maak soos jy sê. Moenie omgee as ek vroeg gaan slaap nie.

11. JOHAN: Net soos jy wil. Jy was byna ‘n jaar lank weg… Ek het verlang, Karen… Gelukkig het die navorsing my besig gehou, anders het ek jou agterna gesit.

BYK: GEROESEMOES VAN STEMME KRUISDOOF NA GELUIID VAN MOTOR OP PAD IN DIE AGTERGROND:

12. JOHAN: Hoe was dit daar oorkant? Jy het geskryf dis harde werk…

13. KAREN: Teaterwerk is meer veeleisend as wat mense dink. Partykeer dag en nag. En dan nog die eksamens… Maar ek sal dit weer doen, dis in my bloed.

1. JOHAN: Dan moet jy daarmee werk… Die Engelse sê “Man lives by expression only.”

2. KAREN: Dis nogal waar… Ek het juis gedink ek gaan ‘n toneelskool begin – spraak en toneel… Voor ek weg is het die universiteit my gevra om teologiese studente se praatvermoë te verbeter. Ek en Linda sal saamspan…

3. JOHAN: Dan is my nuus nie goeie nuus nie.

4. KAREN: Jy’t gesê daar het iets in die werk gebeur…

5. JOHAN: Net verlede week het die aanbod gekom: ‘n senior pos by die entomologie-instituut in Johannesburg…

6. KAREN: En…?

7. JOHAN: Ek het gewag tot jy kom voor ek besluit.

8. KAREN: Ek hier en jy daar…

9. JOHAN: Moet dit noodwendig só wees. Kom ons praat daaroor. Dis ‘n groot sprong vir my, vir ons – as ons getroud is… Die man was ernstig, hy’t gesê ek kan direkteur van die instituut word.

10. KAREN: Dan was my studie by die Royal College ‘n mors van tyd…

11. JOHAN: Hoe kan jy soiets sê? Ek het jou aangemoedig omdat jy is wie jy is. Wat jy geleer het, is nie plekgebonde nie.

12. KAREN: Die Kaap is my tuiste, Johan. Ek ken nie daardie wêreld nie… En wat van my toneelskool?

13. JOHAN: Ek het jou lief, Karen… Ons kan dinge uitwerk… Miskien navorsing doen oor die teaterlewe en moontlikhede in Johannesburg.

1. KAREN: Jy wil alles met navorsing oplos… Dis nie nou die rusperplaag in die Karoo nie, Johan…

2. JOHAN: Die rusperplaag het ons by mekaar uitgebring… Van die eerste dag af kon ek jou nie uit my gedagtes kry nie… Dit het my aangespoor om ‘n middel te vind wat die ruspers kan beheer… Ek was vasbeslote om ‘n indruk op jou te maak. My liefde vir jou is nie ‘n produk van navorsing nie, Karen, dis in my verstand en my hart.

3. KAREN: Het die natuur nie self die rusperprobleem opgelos nie?

4. JOHAN: Met ‘n bietjie hulp, ja… Maar die groot wins was ons ontmoeting…

5. KAREN: Ek moet Karoo toe, Johan… Ek is ‘n bietjie tam, en ek moet my familie sien…

6. JOHAN: Ek weet jy het tyd nodig om te dink. Alles het so skielik gebeur… Geen beter kuur as die Karoolug en die sterre nie… Moet net nie dat Stefan jou steel nie…

7. KAREN: Stefan? Waarom sy naam skielik?

8. JOHAN: Ek kan net dink hoe opgewonde hy sal wees om jou weer te sien.

9. KAREN: Is jy tog nie jaloers nie?

10. JOHAN: Miskien ‘n bietjie… Ek onthou hoe hy na jou gekyk het toe ons die Karooruspers nagevors het. Julle moes tog ‘n ernstige verhouding gehad het.

11. KAREN: Dit was lank gelede.

1. JOHAN: Sy plaas het minder ruspers gehad. Dit het my laat dink die natuur het ‘n manier om dinge op te los. Dis net dat ons nie weet hoe nie. Net soos ek nie geweet het hoe om jou te benader nie.

2. KAREN: Hy is ‘n goeie boer wat sy veld oppas.

3. JOHAN: Dit kan daarmee te doen hê… Ons kan iewers iets gaan eet as jy wil…

4. KAREN: Ek is werklik te moeg – kan nie nou aan kos dink nie.

5. JOHAN: Dan gaan rus jy by my – ek sal nie pla nie.

6. KAREN: Goed so…

7. JOHAN: Daar is skielik heelwat waaroor ons moet dink.

8 KAREN: Miskien maak die Karoo my kop skoon.

9. JOHAN: Ek begryp. Solank jy net onthou ek is lief vir jou.

BYK: GELUID VAN MOTOR KORTLIKS NA VORE EN KRUISDOOF

NA TIK-TAK VAN TREINWIELE:

10. KAREN: (MONOLOOG) My pa laat my twee dae slaap en niks doen. Toe ek tot verhaal kom is Stefan daar. Hy het my soos altyd gegroet en vasgehou. Dit was of alles wat onlangs gebeur het, uit my verstand vlug. Stefan het my laat voel of ek tuisgekom het. Dit het gevoel of hy my onkeerbaar lief het. Hy was net elke dag daar, half ongeduldig dat ons alleen moes wees. Elke aand op die stoep of onder die sterre… Tot ons in die lusernland gaan lê het… So ‘n nag los jou nooit, die herinnering daaraan duik sommer net op en laat jou stilstaan.

11. BETTIE: Mevroutjie, jy lyk so eensaam soos jy daar sit. Wil jy rêrig nie iets eet nie? Jy sal vergaan.

1. KAREN: As ek wou eet sou ek eetsalon toe gegaan het.

2. BETTIE: Hulle kos sal nie lekkerder wees nie.

3. KAREN: Ek is tevrede, dankie. Buitendien, ek verkies om my met my eie gedagtes besig te hou.

4. ANS: Haai… Het sy nie dalk daai siekte van die meisies wat so maer wil bly nie?

5. BETTIE: Watter siekte, Ans?

6. ANS: Weet jy dan nie? Hulle eet maar hardloop van die tafel af weg en bring alles weer uit…

7. BETTIE: En dit net om maer te bly.

8. KAREN: Ek ly aan geen siekte nie – ek wil net alleen wees.

9. BETTIE: Ek hoop iemand kry jou op Kimberley se stasie, mevroutjie. Jy lyk vir my maar pieperig…

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE EN KRUISDOOF NA GEBLÊR VAN SKAPE IN DIE AGTERGROND:

10. GYS: My kind, ek dink die Engelse het nie goed vir jou gesorg nie.

11. KAREN: Ek makeer niks nie, Pa… Ek is fris en gesond.

12. GYS: As jou ma nog geleef het, sou sy jou vet gevoer het.

13. KAREN: Ek aard na jou – jy is nou nie juis vet nie.

14. GYS: Kolskoot. Sal my leer om nie uit my beurt te praat nie. Tog, Karen, jy lyk nie gelukkig nie. Wat skort?

15. KAREN: Pa ken my te goed. Maar nou wil ek net tussen die skape wees – ons kan later praat. Ek wil die bossies ruik soos toe ek klein was…

1. GYS: Onthou jy nog ganna en kapokbos? En wat van ankerkaroo….

2. KAREN: Pa het my mos geleer… en Stefan ook…

3. GYS: Weet hy jy's hier?

4. KAREN: Nee, hy weet nie.

5. GYS: Dan weet hy ook nie jy's verloof nie.

6. KAREN: Nee, Pa, hy weet nie.

7. GYS: Jy moet hom maar sê. Ek dink hy wag nog steeds vir jou – dat julle twee sal regkom…

8. KAREN: Partykeer weet ek nie wat om te doen nie. Maar op die oomblik weet ek net ek kan nie op 'n plaas bly en my toneelskool bedryf nie – dis tog onmoontlik.

9. GYS: Jy weet ek maak nie voorbrand vir Stefan nie. Al wat ek vra is dat jy jou hart deeglik ondersoek oor waar jy uiteindelik wil wees in die lewe.

10. KAREN: Ek weet, Pa. Ek moet my passie uitleef – dis waarvoor ek Engeland toe is.

11. GYS: En hoe voel jy werklik oor Johan? Ek moet dit sê, my kind – moenie Johan as 'n uitweg gebruik nie.

12. KAREN: Ek is aan Johan verloof omdat ek op my manier lief is vir hom. Ons verstaan mekaar, al is daar verskille…

13. GYS: Jy sê op jou manier. En watter verskille?

14. KAREN: Ek wil my skool in die Kaap hê maar hy is 'n senior pos by 'n instituut in Johannesburg aangebied.

15. GYS: Dan sit jy tussen twee vure…

1. KAREN: Ek was nog altyd tussen twee vure…

2. GYS: Hoe ook al, jy weet waar jou huis is en jy weet ek sal jou altyd ondersteun – wat jy ook al besluit.

BYK: GELUID VAN NADERENDE MOTOR:

3. GYS: Dis mos Stefan.

BYK: MOTOR TOT STILSTAND:

4. STEFAN: Jy't gedink jy kan vir my wegkruip.

5. KAREN: Ek het maar gister aangeland.

6. STEFAN: My spioene het jou op die stasie gesien…

7. KAREN: Dan is jou spioene heldersiende…

8. STEFAN: Jy lyk wonderlik. Kom hier, meisiekind…

9. GYS: Verskoon my, ek moet die skape in die kraal kry. Môre moet ek teen bloutong spuit…

10. STEFAN: Ek kan kom help as oom wil. Ek het juis laasweek gespuit.

11. GYS: My regterhand is mos nou hier… Maar dankie, Stefan… Jy is welkom om vanaand by ons te eet.

12. STEFAN: Dankie, oom Gys. Dit sal lekker wees…

13. KAREN: Ek sal die dierbare Miena gaan help.

14. GYS: Nie nodig nie – jy weet hoe sy kan kook… Gaan sê net vir haar…

15. STEFAN: Sy is mooier as ooit… Ek is lief vir oom se dogter. Ek gaan haar vra – ek wag al jare vir haar.

1. GYS: Daar is iets wat jy moet weet… Ek kan nie nou daaroor praat nie, sy moet maar self vir jou sê.

2. STEFAN: Oom klink ernstig.

3. GYS: Miskien praat sy daaroor, jy moet maar wag…

4. STEFAN: Ek is lankal lief vir haar, en ek weet sy voel ook so oor my.

5. GYS: Partykeer gebeur daar iets wat ’n mens se lewe verander.

6. STEFAN: Nou raak ek regtig bekommerd.

7. GYS: Onthou, sy was lank in anderland… Ek hoor dit doen dinge aan ‘n mens omdat jy so half van jou wortels geruk word.

8. STEFAN: Dis waar… Hulle sê as ‘n mens van ver af kyk, lyk dinge soms heel anders.

9. GYS: Wees maar geduldig, Stefan…

BYK: GEBLÊR VAN SKAPE DOOF GELEIDELIK UIT EN

KRUISDOOF NA TIK-TAK VAN TREINWIELE IN DIE AGTERGROND:

10. KAREN: (MONOLOOG) ‘n Hele maand op die plaas. Die hele tyd niks van Johan gehoor nie. Wou ek iets van hom hoor? Nie na wat in die lusernland tussen my en Stefan gebeur het nie. Hy wou dadelik trou. Waarom het ek weggeskram? ‘n Mens doen een ding en dan duik ander gedagtes op. Hy het aangehou, gesê hy sal wag tot ek dink ek is gereed… Geen woord oor Johan nie – dit was of hy nie bestaan nie. Iemand het iewers gesê die mens is gedoem om te kies… Dan kan ‘n keuse seker verdoemend wees ook… Toe kies ek om weg te gaan.

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE KRUISDOOF NA ‘N SNIT UIT BEETHOVEN SE VIERDE KLAVIERKONSERT. HOU TOT EINDE VAN DIE KONSERT:

1. KAREN: Ek het nie geweet jy hou van Beethoven nie…

2. JOHAN: My hartjie, daar is baie dinge waarvan jy nie weet nie.

3. KAREN: Wat bedoel jy?

4. JOHAN: Terwyl jy weg was, het ek pal nagedink oor ons verhouding… Eintlik ken ons mekaar nie. Jy en Stefan ken mekaar al jare.

5. KAREN: Wat wil jy sê?

6. JOHAN: Ek verstaan dalk beter as wat jy dink – dat jy in vertwyfeling is. Jy het nie om dowe neute so lank op die plaas gebly nie…

7. KAREN: Sonder om ‘n woord van jou te hoor… Wat moes ek daarvan dink?

8. JOHAN: Ek dink nie ek was veel in jou gedagtes nie.

9. KAREN: Sê reguit wat jy wil sê, Johan.

10. JOHAN: Ek wil jou die ruimte gee om te besluit… Jy weet ek het jou lief, maar die lewe is nie eenvoudig nie. Weet net ek sal jou besluit respekteer. Jy sien, ek het die pos in Johannesburg aanvaar… Dit hou groot uitdagings vir my in – navorsing oor insekte wat die landbou-ekonomie skade berokken… Dis immers waarvoor ek gaan studeer het. Aan die anderkant is jy Engeland toe om jou eie passie uit te leef. Ek wil net hê jy moet weet ek het begrip daarvoor as jy in die Kaap wil bly… en natuurlik naby die Karoo.

11. KAREN: Is dit die einde van die verlowing?

1. JOHAN: Ek probeer jou laat verstaan dat ek jou jou eie ruimte gun soos ek my ruimte nodig het. Ek dink nie ons loopbane is onversoenbaar nie, maar jy moet weet jy kan kies.

2. KAREN: Dit klink meer na ‘n ultimatum? Nee, dalk is jy werklik grootmoedig.

3. JOHAN: Jy behoort te weet hoe my kop werk… Ek kan nie voorgee nie al wil ek… Ek het jou lief, maar ek moet verder dink as my liefde vir jou.

4. KAREN: Dan moet ek weer kies… Ek is al moeg gekies, Johan.

5. JOHAN: Ek verstaan. Ek moes ook, Karen. Ek het gekies vir wat ek as ons toekoms saam gesien het. Ek het besef, sonder jou is my werk eintlik sinneloos. Dit moet jy nou maar weet al besef jy dit nie op die oomblik nie. Dis ‘n feit, nie ‘n poging om jou te manipuleer nie.

6. KAREN: Ek is ‘n bietjie verward – nie bietjie nie, sommer baie. Tog hoor ek wat jy sê. Dankie vir jou eerlikheid, ek het dit byna verkeerd verstaan…

7. JOHAN: Ek neem jou na jou woonstel. Ek wag tot ek van jou hoor. Stilswye sal ‘n antwoord wees.

8. KAREN: Die toneelskool – dáár lê nog ‘n besluit voor…

9. JOHAN: Mag ek jou ‘n bietjie vashou?

10. KAREN: Natuurlik… Asseblief…

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE NA VORE EN DAN NA AGTERGROND SOOS VOORHEEN:

11. BETTIE: Ek kry haar skoon jammer. Sy’s hier en sy’s ook nie hier nie… En die oë die meeste van die tyd toe.

1. ANS: Dalk treur sy oor iets, ‘n mens weet nooit… As iemand só stilsit…

2. BETTIE: Ek is seker jy hoor ons, mevroutjie. Verskoon tog, ons gee net om…

3. KAREN: Dankie.

4. BETTIE: Het jy dalk kinders, mevroutjie?

5. KAREN: Ja.

6. BETTIE: Hoeveel, as ek mag vra?

7. KAREN: Een dogter.

8. ANS: Dis goed. Mense sonder kinders is baie alleen, vra my…

9. BETTIE: Hoe oud is sy?

10. KAREN: Veertien.

11. ANS: Ook al aan die rypword…

12. BETTIE: Is daar darem mense wat jou op die stasie sal ontmoet, mevroutjie?

13. KAREN: Ja.

14. BETTIE: Dis goed. Dit voel altyd so leeg as jy afklim en daar’s niemand nie…

15. ANS: Ons weet ook nie wie vir ons wag nie. My broer en sy vrou het aan verskillende kerke behoort. Nou weet ons nie wie in die kerk gaan praat nie of in watter kerk die diens gehou word nie…

16. BETTIE: Mevroutjie, niemand is sonder moeilikheid nie… Die ding van twee kerke het baie probleme veroorsaak. Twee gelowe ook… Maar ek bly liewer stil.

1. KAREN: Goed so.

BYK: TREINWIELE SE TIK-TAK NA VORE EN DOOF UIT. 'N AMBULANS SE SIRENE VERLANGS IN DIE AGTERGROND EN VERDWYN ONDER SPRAAK:

2. KAREN: Annelie… Jou pa is nie hier nie. Die taxi wag – ek wil groet.

3. ANNELIE: Het ons nie al gegroet nie, Ma?

4. KAREN: Miskien, ek weet nie…

5. ANNELIE: Sal ek ma darem weer sien?

6. KAREN: Natuurlik. Daar wag nuwe dinge, maar jy bly deel van wat ook al vorentoe gebeur. Ek verlaat jou nie, Annelie – hierdie is net 'n oorgang na 'n nuwe begin.

7. ANNELIE: Is Ma seker Pa is nie hier nie? Ek het hom dan gehoor…

8. KAREN: Ek het nie gaan soek nie… Onthou net: ek verlaat jou nie.

9. ANNELIE: Ja, Ma… Jy verlaat net my pa. Ek probeer verstaan.

10. KAREN: Jy sal later wel verstaan, my kind.

BYK: TREINWIELE IN DIE AGTERGROND:

11. KAREN: (MONOLOOG) Hoe kan 'n mens aan 'n kind verduidelik? Niks is swart of wit nie, alles is uiteindelik grys… Maar 'n kind weet nie van grys nie, wil nie daarvan weet nie… Haar oë het meer gesê as wat woorde ooit kan doen… Genade… Kan 'n kind se oë jou van verraad beskuldig? Haar oë wil my nie los nie… Hoeveel dinge bind 'n mens? Ek is moeg van kies. En Johan se besluit destyds wat my geen keuse gelaat het nie… Johannesburg was my voorland al was ek nie naastenby daarvoor gereed nie.

BYK: TIK-TAK VAN TREINWIELE KRUISDOOF NA APPLOUS IN 'N TEATER. HOU TOT DIE APPLOUS BEDAAR:

1. JOHAN: Geluk, Karen… nou weet Johannesburg van jou. Selfs vir dié bioloog was dit aangrypend.

2. KAREN: Jy is nie so sonder oordeel as wat jy voorgee nie. Ek moet erken die gehoor se reaksie het my verras. Dankie, Johan. Soos so dikwels gebeur skakel alles op die openingsaand in mekaar. Nie altyd nie – openingsaande kan 'n nagmerrie wees. Maar vanaand het dinge gelukkig reg verloop.

3. JOHAN: Jou passie, Karen – jou passie… Dit slaan deur, dit praat met 'n mens…

4. KAREN: Ek waardeer wat jy sê.

5. JOHAN: Kom ons gaan vier dit – iets om te eet of wat jy ook al verkies iewers…

6. KAREN: Dit sal lekker wees… 'n Mens voel skielik uitgeput na al die repetisies en spanning… Maar daar was iets wat jy my wou vertel…

7. JOHAN: Daaroor praat ons later. Is die teater se restaurant goed genoeg?

8. KAREN: Die akteurs dink dis goed…

9. JOHAN: Ons kan probeer…

BYK: GEROESEMOES VAN STEMME IN DIE AGTERGROND:

10. JOHAN: Vanaand het 'n groot bekommernis vir my effens versag.

11. KAREN: Bekommernis?

1. JOHAN: Dat jy nou in Johannesburg is en nie in die Kaap nie… Ek weet die Kaap het ‘n sterker teaterlewe, maar nou lyk dit tog of jy jou nie in ‘n woestyn bevind nie. Die teater was gepak.

2. KAREN: Miskien om die vreemdeling te kom opsom. Kritici kan genadeloos wees.

3. JOHAN: Nuuskierigheid is die begin van denke… Jy het hulle iets gegee om oor na te dink. Applous vertrel darem ook ‘n storie.

4. KAREN: Ek moet erken – ek voel meer op my gemak nadat ek met die akteurs gewerk het. Hulle het my nogal verbaas – ek was maar bang dinge loop nie reg nie. Maar dis deel van toneel – die onverwagte oomblik wanneer alles bymekaar kom.

5. JOHAN: Môre se koerant sal wel ‘n aanduiding gee. Waarvoor het jy lus?

6. KAREN: Ons kyk maar eers wat is op die spyskaart. Maar ek is nou nuuskierig – jy’t gesê jy moet my iets vertel.

7. JOHAN: Ek wens ek kon dit uitstel.

8. KAREN: Kan ek maar raai?

9. JOHAN: Jy weet dis nie vir my lekker om jou en Annalie alleen te laat nie.

10. KAREN: Waarheen dié keer, Johan?

11. JOHAN: ‘n Navorsingsinsituut in Australië het my gevra om hulle te help met navorsing oor miskruiers…

12. KAREN: Miskruiers…

13. JOHAN: Hulle voer honderde miskruiers van ons in. Ons weet waarvoor hulle die wil gebruik, maar hulle sê nog navorsing is nodig om hulle in die nuwe omgewing ten beste in te skakel.

14. KAREN: Werklik… ’n Romantiese onderwerp vir die geleentheid.

1. JOHAN: Swak smaak van my kant… Verskoon tog…

2. KAREN: Hoe lank is jy weg?

3. JOHAN: Minstens ‘n maand.

BYK: RESTAURANTGANGERS NOG IN DIE AGTERGROND:

4. KAREN: Dan gaan ek en Annelie Karoo toe… Vir ‘n week of so… Ek sal die toneelklasse uitstel. Ek verlang na my pa – hy is baie alleen vandat my broer na die ander plaas getrek het.

5. JOHAN: ‘n Goeie plan… Ek wens ek kon saamgaan… Die Karoo het ook vir my ‘n soort hartland geword.

6. KAREN: Maar jy het nooit tyd om te gaan nie. Altyd die werk…

7. JOHAN: Nie waar nie, Karen… My werk is deel van ons lewe, dit kom beslis nie eerste nie.

8. KAREN: Kom ons laat dit daar.

BYK: STEMME DOOF GELEIDELIK UIT:

9. KAREN: (MONOLOOG) Het ons mekaar ontgroei? By mekaar verby geleef en niks meer gehad om oor te praat nie. Dit word altyd agterna gesê, nadat die breuk nie herstel kan word nie… Of is dit maar net ‘n verskoning? Is dit só met my? Moes ek Karoo toe oor my pa, of was daar ‘n ander rede wat ek met die jare diep weggebêre het. Die Karoo vra nie vrae nie – die Karoo genees met stilte en sterre… Maar watter kant van die kop en hart moet genees word as die een diékant toe en die ander een anderkant toe?

BYK: GEBLÊR VAN SKAPE REEDS ONDER DIE VORIGE SPRAAK

IN DIE AGTERGROND WAAR DIT VOORTDUUR:

1. GYS: Kom, juffroutjie… Staan nader dat jy hulle kan ruik… En weet jy wat? Oupa gaan vir jou ‘n lammetjie merk… Elke jaar een, en as jy eendag gaan studeer, verkoop jy hulle… Sy is ‘n pragtige kind, Karen. Ek is bly jy bring haar plaas toe. ‘n Mens kan nie mens wees sonder om die wonder van die natuur te leer ken nie. Julle moet dit gereeld doen. Volgende keer moet Johan sorg dat hy saamkom.

2. KAREN: Hy het gesê hy verlang Karoo toe, maar ek weet nie of hy dit bedoel nie.

3. GYS: Hoe kan jy só sê, my kind? Is daar iets wat jy vir my moet sê?

4. KAREN: Nee, Pa. Dis net – Johan leef vir sy werk. Partykeer dink ek die erkenning wat hy in die buiteland kry, het sy lewe verander…

5. GYS: En ek dag juis die man se kop is reg aangeskroef, voete op die aarde. Is jy seker, Karen?

6. KAREN: Nie regtig nie – dit voel net party dae vir my so.

7. GYS: Moenie dat dit nesskop in jou gedagtes nie…

8. KAREN: Ek probeer aanpas, maar ek het my eie lewe.

9. GYS: Dis reg so… Partykeer groei dinge na mekaar toe op ‘n manier wat ‘n mens nie verwag nie.

10. KAREN: Ek hoop Pa is reg… Ek is so bly ek is hier – ek het na jou verlang en na jou helder gedagtes.

BYK: GEBLÊR VAN SKAPE KRUISDOOF NA DIE GELUID VAN KRIEKE IN DIE AGTERGROND:

11. STEFAN: Niemand het vir my gesê jy is hier nie. Soos altyd het ek jou aanwesigheid aangevoel.

1. KAREN: Ek het gedink my pa moet Annelie leer ken en sy vir hom. Sy moet weet van die Karoo.

2. STEFAN: Sy's 'n pragtige kind, Karen. Is sy…? Ek bedoel… Toe ek so na haar kyk…

3. KAREN: Nee, Stefan…

4. STEFAN: Ek het gedink – na wat jy destyds gesê het… Jy het toe gesê jy sal 'n plan maak.

5. KAREN: Daar was niks… Ek was so moeg na die bootreis en alles…

6. STEFAN: Ek kyk na jou, Karen… Is jy gelukkig?

7. KAREN: Wat is geluk? Is daar suiwer geluk? Daar is oomblikke soos 'n goeie opvoering van 'n goeie toneelstuk… Maar dis kortstondig… Jy kom by die huis en die oomblik het verdwyn…

8. STEFAN: Dan is jy mos nie gelukkig nie. Ek het geweet dit gaan gebeur…

9. KAREN: Is jy gelukkig, Stefan?

10. STEFAN: Nee. Sonder jou sal ek nooit gelukkig wees nie… Dit moet jy nou maar weet. 'n Mens maak vrede daarmee, maar aanvaarding van die gemis is nie geluk nie. Ek moet eerlik wees… Toe ek Annelie vanmiddag sien…

11. KAREN: Laat vaar die gedagte, Stefan.

12. STEFAN: Goed dan… Maar ek sal nooit aanvaar dat ek en jy nie by mekaar hoort nie. Ek wil net hê jy moet weet; wat ook al gebeur, ek wag vir jou. Die band wat tussen ons was, kan nie verbreek word nie.

1. KAREN: Ek hoor wat jy sê. Ja, die band is daar… van kleinsaf… Maar weet jy, ek het geleer wat ons lewens bepaal is nie bande nie maar keuses… As bande jou bind het jy die reg om te kies, verbeur… En sonder keuse leef jy in die duisternis…

2. STEFAN: Waarvan praat jy tog? Ek probeer volg wat jy sê…

3. KAREN: Miskien verstaan ek self nie wat ek sê nie…

4. STEFAN: Nou weet ek jy is nie gelukkig nie. Jy dink deurmekaar omdat jou hart op ‘n ander plek is. Jou hart is hier, Karen. Onthou dit… En dat ek altyd vir jou sal wag al gebeur daar niks…

BYK: GELUID VAN KRIEKE DOOF GELEIDELIK UIT EN KRUISDOOF NA TIK-TAK VAN TREINWIELE SOOS VOORHEEN:

5. ANS: Dis die waarheid, Bettie… Ek sal mos nie lieg nie…

6. BETTIE: Ek sê nie jy jok nie – ek kan dit net nie glo nie… Het hy geweet voor hy verongeluk het?

7. ANS: Ek weet nie – ek hoop nie so nie…

8. BETTIE: Ek verstaan nie die lewe nie… Môre begrawe ons hom, en Saterdag trou sy dogter omdat sy moet…

9. ANS: Ai, die jongmense van vandag… Kan hulle hulle nie maar inhou nie…

10. BETTIE: Jy dink dis nou se dinge… Dit kom van ver af… Wat dink jy, mevroutjie?

11. KAREN: Ek weet nie waarvan julle praat nie.

12. ANS: Ek sê jou mos – sy’s hier en sy’s nie hier nie…

BYK: GELUID VAN TREINWIELE STADIGER SOOS DIE LOKOMOTIEF DIE STASIE NADER:

1. BETTIE: Mevroutjie, jou armpies is te dun om daai groot koffer daar bo af te haal…

2. KAREN: Ek sal regkom, dankie…

3. BETTIE: Ek haal dit sommer af…

4. KAREN: Dis nie nodig nie – ek sal self…

5. BETTIE: Goed, dan…

BYK: LOKOMOTIEF TOT STILSTAND. GEROESEMOES VAN PASSASIERS:

6. BETTIE: Ons is hier, mevroutjie… Jou mense wag vir jou.

7. ANS: (TERWYL SY WEG BEWEEG) Kom, Bettie – jy sien mos sy wil niks weet nie.

BYK: STEMME VAN PASSASIERS BLY IN DIE AGTERGROND VOOR DIE VOLGENDE SPRAAK:

8. STEFAN: Verskoon my, meneer… Ek moet iemand ontmoet maar dit lyk of sy nog nie afgeklim het nie.

9. KONDUKTEUR: Jy moet maar mooi kyk, meneer… Hier is nogal baie mense – sy is dalk tussen hulle…

10. STEFAN: Die meeste mense is al weg – ek sien haar nêrens nie. Kyk asseblief net of sy op die trein was.

11. KONDUKTEUR: Haar naam?

12. STEFAN: Karen Steyn… Van Johannesburg.

1. KONDUKTEUR: My papiere is so deurmekaar gewaai… Net ‘n oomblik…

BYK: GELUID VAN PAPIER WAT OMGEBLAAI WORD:

2. KONDUKTEUR: Het meneer haar al gesien?

3. STEFAN: Nee…

4. KONDUKTEUR: Karen Steyn… Dis of ek die naam iewers in my kop gesien het, maar ek is nie seker nie. Daar kon so’n persoon op die trein gewees het.

5. STEFAN: Laat ek sien…

6. KONDUKTEUR: Kyk maar self, meneer… Dalk het sy die trein verpas… Dit gebeur nogal… Of sy is dalk in die wagkamer.

7. STEFAN: Jou rooster sê sy was in kompartement 106 B. Sy sal nie wagkamer toe gaan nie – sy weet ek is hier om haar te ontmoet.

BYK: LOKOMOTIEF GEE ‘N KORT FLUIT:

8. STEFAN: Jy sê jy dink sy was wel op die trein.

9. KONDUKTEUR: ‘n Mens onthou nie al die name en goed nie, meneer. As die naam daar is, moes die persoon op die trein gewees het.

BYK: LOKOMOTIEF FLUIT WEER EN BEGIN BEWEEG:

10. KONDUKTEUR (TERWYL HY WEG BEWEEG) Jammer, meneer… Miskien wag sy iewers vir jou…

BYK: LOKOMOTIEF VERTREK, VERMEERDER SPOED TOT MAKSIMUM EN DOOF STADIG UIT:

(AANKONDIGING)